Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 22, Nr 4, 1992. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# ENKELE FASETTE VAN DIE PROBLEMATIEK VAN DIE AKADEMIKUS BY DIE SKRYF VAN SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE MILITÊRE GESKIEDENIS*

**Prof Leo Barnard****

## INLEIDING

Teen die middel van die jaar 1989 is die vyandelikhede hoofsaaklik tussen die Suid-Afrikaanse Weermag en SWAPO se Plan-vegters in noord Suidwes-Afrika en suid-Angola amptelik gestaak. Dit het die einde gebring aan 'n "oorlog" wat vir 23 jaar in hierdie teater geheers het. Vanaf die eerste skermutselings by Ongulumbashe in Oos-Ovambo op 26 Augustus 1966[1], het die lae intensiteit-oorlog vir 'n verdere byna twee en 'n halwe dekade lank gewoed.

Dit is gedurende hierdie periode dat die inwoners van Suid-Afrika in die meeste gevalle weinig kennis van gebeure in die sogenaamde "bosoorlog" gedra het. Die allerstrengste geheimhouding, selfs deur middel van die aflê van verskeie verklarings en ede is gehandhaaf in 'n poging om 'n sluier oor optredes te trek. Geen wonder dat in die persberigte van die tyd die standaardverklaring in byna elke geval die volgende was nie: "Kav. X het in die operasionele gebied gesneuwel." of "uit die operasionele gebied word berig ..... "

Die ware feite is bewustelik van die inwoners van Suid-Afrika weerhou. Vir doeleindes van hierdie dokument word die optrede in geen opsig beredeneer nie, behalwe om die stelling te maak dat dit wel plaasgevind het.

Die gebeure sedert 2 Februarie 1990[2] het ook 'n bepalende invloed op die SAW se betrokkenheid in die "bosoorlog" uitgeoefen. Vrede en samewerking met diegene wat voorheen as die "vyand" beskou is het nou die algemene norm geword. Koppel hiermee die feit dat die oorlog in SWA en Angola verby was, dat die troepe onttrek het, dat die kanonne stil geword het en dit word duidelik waarom die status quo ten opsigte van die meedeel van feite nie langer gehandhaaf kon word nie. Letterlik tientalle van belangstellendes, joernaliste en betrokkenes het byna in 'n stormloop begin om die geskiedenis van die sogenaamde "bosoorlog" te boekstaaf.

Om verskeie redes het dit van die allergrootste belang geword dat 'n histories korrekte, wetenskaplike weergawe van bogenoemde gebeure opgeteken moet word. Die sluier, in sommige gevalle om logiese redes toegepas, moes eenvoudig gelig word om gebeure wat die gewone man op straat in Suid-Afrika dikwels as iets mistieks ervaar het, in die regte perspektief te stel. Kundiges sou in 'n groot mate die oplossing moes bied om hierdie vakuum te vul.

Aan die ander kant het die SAW self op 'n beperkte skaal pogings aangewend om die gebeure van die "bosoorlog" wetenskaplik te boek te stel. Weens 'n verskeidenheid van redes was hierdie pogings tot op hede nog nie baie suksesvol nie. Vir die historiese waarnemers het dit al hoe meer duidelik be-

[1] W.S. Barnard (red), **Kompas op SWA/Namibië**", Vereniging vir Geografie, Spesiale Publikasie No.5, 1985, p.198.

[2] Op die geskiedkundige dag van 2 Februarie 1990 het pres. F.W. de Klerk deur middel van 'n toespraak in die Volksraad 'n nuwe rigting vir Suid-Afrika aangedui. Dit het onder andere behels dat daar binnelands 'n meer ontspanne atmosfeer sou heers en dat die mag van die militêr beduidend sou afneem.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 22, Nr 4, 1992. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gin word dat die tyd nou ryp was om die gebeure grondig na te vors en dan wetenskaplik te publiseer. Genl. Jan van Loggerenberg, voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Lugmag stem met hierdie stelling saam: "Daar bestaan 'n behoefte om die optrede van die SAW in Namibië en Angola op 'n wetenskaplike wyse op te teken. Daardie optekening is die taak van die krygshistorici wat deur grondige navorsing 'n objektiewe weergawe van die gebeure op skrif moet stel."[3]

Dit moet ten aanvang duidelik gestel word dat dit vir 'n akademikus om 'n verskeidenheid van redes nie maklik is om hierdie uitdaging te aanvaar nie. Ten einde aan die klassieke metode van geskiedskrywing (von Ranke noem dit o.a. "wie es eigentlik gewesen war") te voldoen, is daar 'n hele paar fasette wat indringend aangespreek moet word.

Dit is teen hierdie agtergrond dat dit noodsaaklik is om enkele van die probleme wat die akademikus/krygshistorikus by die skryf van Suid-Afrikaanse kontemporêre militêre geskiedenis ervaar, uit te lig. Aan die einde van die betoog sal daar kortlik na 'n paar moontlike oplossings vir die dringende vraagstuk gekyk word.

## PROBLEME WAT DIE AKADEMIKUS ERVAAR

### 1. Beperkte insae in dokumentasie

Vir die akademikus in militêre geskiedskrywing is die belangrikste basis van sy bronnenavorsing, die militêre argiewe. Dit is nie noodwendig slegs die argiefbewaarplek van die SAW (wat by die Schweikert-gebou in Pretoria gehuisves word) nie, maar ook bronne wat by Afdeling Militêre Intelligensie, Nasionale Intelligensiediens en die voormalige Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie gehou word. Vir doeleindes van hierdie dokumente word hier egter slegs na die amptelike SAW-argief verwys.

In terme van wet no. 6 van 1962 (bekend as die Argiefwet) is dit 'n geslote argiefbewaarplek en vrye toegang tot die dokumentasie is nie vir almal beskikbaar nie. Slegs lede van die Suid-Afrikaanse Weermag wat oor die nodige klaring beskik en daarby ook nog met amptelike projekte besig is, mag die dokumente raadpleeg. Wat ander akademici betref is toegang selfs veel moeiliker . In haar referaat tydens genoemde simposium gee Louise Jooste die regte inligting deur: "'n Lid van die publiek (lees akademikus) verkry slegs toegang mits hy aan sekere voorwaardes voldoen en hy deur die kantoor van die Minister van Nasionale Opvoeding en ook die Minister van Verdediging daartoe gemagtig is. Een van die voorwaardes is dat die manuskrip aan die Weermag se Afdeling Inligting (Direktoraat Teeninligting) vir klaring voorgelê word."[4]

In kort kom dit nou daarop neer dat 'n akademikus deur uitgerekte en omslagtige metode van dokumentasie moet werk om in die meeste gevalle na 'n lang tyd 'n sogenaamde M.Z.-nommer te verwerf. Universiteite vind hierdie optrede in die meeste gevalle onaanvaarbaar. Akademici staan sterk op die gedagte van akademiese vryheid en daarmee saam gaan die redenasie dat navorsingsresultate vir almal toegangklik moet wees.

Die vraag kan nou met reg gevra word wat die gevolg van hierdie uiters streng en in sommige gevalle selfs verouderde beleid van toelating tot bronne in die SAW is. Hier word slegs na enkele van letterlik talle gevolge verwys:

In die eerste plek onttrek akademici hulle van hierdie tipe navorsing, omdat hulle die proses as 'n flagrante skending van akademiese vryheid ervaar. In gevalle waar akademici nie toelating tot amptelike dokumente verkry nie, maar wel met militêre navorsing wil aangaan, is 'n paar opsies oop. Hulle word gedwing om na alternatiewe bronne te kyk. Dit is onder andere die

[3] J.P.B. van Loggerenberg, **Die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag ter ondersteuning van die Grondoperasies van die Suid-Afrikaanse Weermag, 1966-1989**, Simposium oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing, Bloemfontein, 9-10 Oktober 1992.

[4] L. Jooste, **Die Stand van Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing oor die SAW se betrokkenheid in Suidwes-Afrika en Angola, 1966-1989,** Simposium oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing, Bloemfontein, 9-10 Oktober 1992.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 22, Nr 4, 1992. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

rede waarom daar nou reeds navorsing deur Suid-Afrikaners oor die "bosoorlog" gedoen word met Kubaanse en Amerikaanse bronne as basis. Hierdie optrede gaan beslis nie verseker dat 'n objektiewe, ware beeld van die gebeure weergegee gaan word nie. Insae in die SAW se dokumente moet noodwendig verkry word ten einde die volle verhaal te kan meedeel.

'n Ander opsie wat akademici aanwend is om hulle uitsluitlik op koerantnavorsing of op persoonlike onderhoude te verlaat. Alhoewel albei hierdie tipe bronne besliste voordele het, kan 'n akademikus nooit tot die kern van die saak deurdring as hy nie met die amptelike dokumente werk nie. Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar in die belang van die skryf van wetenskaplike aanvaarbare kontemporêre militêre geskiedenis in Suid-Afrika oplossings beding moet word.

Ter afsluiting van hierdie argument moet dit duidelik gestel word dat dit beslis nie betoog word om geheime uit te lap wat individue in lewensgevaar stel of bestaande prosesse kan laat tuimel nie - 'n ware, objektiewe beeld bly steeds die hoogste norm.

## 2. Die tipe dokument wat beskikbaar is

'n Volgende probleem wat die akademikus ervaar is die tipe bron wat beskikbaar is. Enkele voorbeelde van bronne is die volgende: oorlogsdagboeke, verslae, orders, seinberigte, situasierapporte, inligtingsverslae, briewe, konferensies vir terugrapportering ens. ens. Op die oog af kan dit voorkom asof die akademikus met soveel bronne te doen het dat hy eerder 'n oorvloed as te min inligting gaan verkry.

Hierdie aanname is egter van alle waarheid ontbloot en 'n paar probleme wat die akademikus ten opsigte van hierdie terrein ervaar sal kortliks uitgelig word.

Feitlik alle dokumente in die SAW word opgestel met die uitsluitlike doel om vir weermagoptrede te dien. Die besondere aard en aanwending van woorde, sinne, afkortings, radio en roepseine[5] maak hierdie bronne byna ontoeganklik vir die nie-militêre navorser. Daar is verskeie voorbeelde bekend van akademici wat saam met die SAW in die "bosoorlog" in operasies betrokke was, 'n paar jaar later nie in staat was om die presiese woorde, seine en afkortings korrek, weer te gee nie. Dit is byna of die weermagslede 'n eie stel reëls vir woordgebruik, radioseine en optrede in die "bosoorlog" geskep het. Wie nie weet dat die "Flossie" uit "die States" nie net "dear Johnny's" bring nie, het maar 'n vae hoop om die bronne van die SAW wetenskaplik te ontleed en die waarheid op te teken.

Daar is egter ook 'n ander probleem wat die akademikus beslis moet verreken. Van tyd tot tyd het die SAW amptelike verklarings ten opsigte van sekere gebeure in die "oorlog" uitgereik. 'n Oningeligte akademikus moet daarvan kennis neem dat die verklaring heel dikwels om sekere spesifieke redes uitgereik is. So is verskeie transgrensoperasies voorafgegaan met 'n sogenaamde propaganda - aanslag om die operasie te "kussing". As die akademikus dus nie volledig insae in al die dokumente het nie, kan 'n oningeligte maklik aanvaar dat die amptelike verklaring die "waarheid" en enigste inligting oor die gebeure is.

'n Volgende probleem wat die akademikus heel dikwels ervaar is die onvermoë of dalk laksheid van sekere eenhede om hulle geskiedenis in die amptelike jaarverslae korrek en wetenskaplik weer te gee. In die geskiedkundige jaarverslae wat jaarliks aan die Direkteur van die Dokumentasiesentrum deurgegee moet word maak die SAW wel voorsiening om die geskiedenis van eenhede op datum te hou. Die verslagvorm is egter sodanig opgestel dat adjudante slegs ja, nee, ens. hoef in te vul en dan selfs kan daarmee wegkom. In navorsing oor 'n spesifieke eenheid het dit aan die lig gekom dat die adjudant slegs die senior personeel se name ingevul het,

5 Afkortings en kodes vir radio en seinberigte is vir doeleindes van spesifieke operasies geskep. Geen lys van verklarings kon in enige navorsing gevind word nie. Nodeloos om te sê dat 'n akademikus selfs met die grootste moeite en kennis kwalik sy weg onder sulke omstandighede kan vind.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 22, Nr 4, 1992. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gevolg deur nee, ja, n.v.t. en geen. Onderaan hierdie niksseggende dokument het die bevelvoerder heel netjies sy naam en rang geteken!

Slegs volledige insae in al die beskikbare bronne kan verhoed dat die akademikus verstrik raak in die besondere "kort en op die man af" - wyse waarmee die SAW sy inligtingsvloei bedryf.

## 3. Vernietiging van inligting

Een van die mees relevante probleme wat die akademikus in sy navorsing van kontemporêre Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis van kennis sal moet neem, is die vernietiging van inligting. Dit geskied hoofsaaklik op twee vlakke. Die eerste vorm hiervan noem Kmdt. Jakes Jacobs "die ongemagtige vernietiging van dokumente." Volgens hom kan dit veral voor waar dokumente nog nie na die SAW Dokumentasiediens oorgeplaas is nie. "Politieke groepe", sê Jacobs, "wat dreig met weerwraakaksies en sogenaamde Nurembergverhore, veroorsaak dat mense dokumente sonder toestemming vernietig."[6] Hierdeur word die geskiedswetenskap nie alleen ontneem van onmisbare bronne oor die gebeure nie, maar geniet persoonlike vryheid voorrang. Hierdeur kan 'n vakuum gelaat word wat op generlei wyse ooit gevul kan word nie.

'n Ander wyse waarop inligting vernietig is, is die gebrekkige wyse waarop amptelike gebeure, byvoorbeeld binne eenheidsverband opgeteken is. Dit is vandag uiters moeilik om vas te stel in watter optredes 'n bepaalde eenheid by die "bosoorlog" betrokke was. By slegs een geleentheid was 'n eenheid soos 1 Spesiale Diensbataljon (1SDB) amptelik as eenheid met grensdiens besig. Die res van die tyd was sekere eskadronne vir diens afgedeel by groter magte soos 61 Gemeganiseerde Bataljon of 10 Pantserkarregiment ens. Verder was daar ook van sy personeel met byvoorbeeld een troep pantserkarre afgedeel na 'n vegspan vir oorgrensoptrede in Angola. Behalwe deur persoonlike onderhoude, met die gebreke daaraan verbonde , is daar nie 'n wyse om die presiese optrede van 'n eenheid oor 'n tydperk van 23 jaar in die "bosoorlog" vas te stel nie.

Die grootste rede vir die vernietiging van bronne is die feit dat alle SAW-lede weens sekerheidsredes verbied was om enige persoonlike dagboeke, memoirs, orders, foto's of aandenkings van die tydperk in die "bosoorlog", te hou. Historiese navorsing is egter gelukkig, want menige van hierdie aandenkings is onder die oë van waaksame militêre polisie uitgesmokkel. Dit vorm die basis van inligting wat beslis nie in amptelike weermagdokumente weerspieël word nie. Dikwels word die troep se diepste vrees, of verlange of vreugde ondubbelsinnig weerspieël. Wat sou 'n akademikus nie wou gee om insae in 'n stel volledige dagboeke van 'n eenheid of veggroep se optrede vir latere verwysing te verkry nie?

Die vernietiging van inligting hou vir die akademikus een oorheersende uitdaging in: Die meeste manne wat die operasies bedryf het leef nog en is geredelik beskikbaar om onderhoude mee te voer. Dit sal 'n tydige optrede van akademici wees om op hierdie wyse 'n bank van tersaaklike inligting op te bou. Met die verloop van die tyd raak optrede en gebeure al meer vaag en kan detailbesonderhede nie meer so geredelik opgeroep word nie. Dit is nou die tyd om op te tree om minstens die insette van die kant van die SAW deur mondelinge getuienis te verewig.

## 4. Die houding van sommige militariste teenoor akademici

Die taak voor hande, naamlik die wetenskaplike navorsing en publikasie van die SAW se militêre betrokkenheid oor 23 jaar, is so uitdagend dat 'n moddergooiery tussen die verskillende partye tot geen bevredigende oplossing sal lei nie. Hierdie beginsel ten spyt is die houding van militariste 'n deurslaggewende faktor as 'n wetenskaplike metode van geskiedskrywing gevolg wil word. Met die beste wil voor

[6] C.J. Jacobs, **Die problematiek in die navorsing van kontemporêre krygsgeskiedenis in Suid-Afrika**, Simposium oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing, Bloemfontein, 9-10 Oktober 1992.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 22, Nr 4, 1992. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

oë kan 'n akademikus nie aan die werk spring as hy nie tydig en binne 'n redelike tydsverloop 'n klaring van die S.A. Weermag verkry nie. Waar dit om eenheidsgeskiedenisse gaan is geen navorsing hoegenaamd moontlik as die akademikus nie die goeie trou van die senior personeel van sodanige eenheid gewen het nie.

Gelukkig vir die geskiedeniswetenskap het daar na afloop van die "bosoorlog" 'n algemene gevoel ontstaan dat die verlede wetenskaplik opgeteken moet word - dat die optrede van die SAW korrek weergegee moet word. Hierdie gedagte word sterk gesteun deur die senior offisierekorps van die Weermag soos duidelik blyk uit die feit dat die Minister van Verdediging, nie minder nie as vyf lede van die Generale Staf, minstens tien Brigadiers, twintig Kolonelle en ander senior Weermagspersoneel, benewens akademici en ander belangstellendes in Oktobermaand 1992 'n simposium in Bloemfontein oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing bygewoon het. Die historici in die Vrystaat is gelukkig want die Kommandement, asook verskeie eenhede gaan uit hulle pad om wetenskaplike navorsing aan te moedig. Dit is 'n proses wat ook in ander Kommandemente geld. Ook by die Dokumentasiesentrum is die navorsingspersoneel effektief en stimuleer hulle miliêre navorsing in elke opsig. Die Direkteur en sy personeel by die Direktoraat van Openbare Betrekkinge is tans hard aan die spook om deur middel van 'n reeks publikasies die militêre verlede vir die inwoners van die land te boek te stel.

In kort kom dit daarop neer dat die SAW in 'n groot mate daarin slaag om die regte atmosfeer te skep waarbinne wetenskaplike navorsing kan gedy.

Ongelukkig is daar egter 'n ander kant van die muntstuk ook. Daar is te veel militariste wat historiese navorsing erg negatief gesind is. Daar word nog te dikwels neerhalend en skoueroptrekkend na die "slim siwwies" verwys wat "na die tyd sterk en slim probeer wees."

Hierdie negatiewe groep kan hoofsaaklik in twee geskei word. Die geharde bosvegter sien die historikus as 'n "homeguard siwwie" - 'n man wat tog in elk geval nie gaan verstaan nie, daarom moet die verlede in die verlede rus.

Die ander groep is mense wat om professionele redes jaloers is dat 'n akademikus van buite, die heiligdomme van die militêre begin betree. Terreine wat vir dekades lank gesien is as kroonwild van enkele uitverkose historici word nou deur "vreemdes" van buite aangepak en binne 'n kort tydsbestek wetenskaplik afgehandel. Beswaardes sal net eenvoudig moet aanvaar dat die jagseisoen oop is en dat al meer akademici hulle op die terrein van die militêre navorsing gaan begeef - samewerking is die enigste wagwoord.

## 5. Toename in publikasies

Die drastiese toename in die aantal publikasies sedert die einde van die "bosoorlog" val dadelik op. Uit byna elke hoek van die samelewing begin mense nou om die een of ander faset van die vyandelikhede op te teken. Joernaliste, oorlogskorrespondente, oud-militariste, belangstellendes, ja almal wat die een of ander verbintenis met die SAW het begin nou om "die ware verhaal" op te teken. In sommige gevalle, gelukkig die enkeles, wil dit voorkom asof die belangrikste rede vir die skryf van hierdie verhale die moontlikheid van 'n geldjie is.

Sonder om afbreek aan die positiewe bydraes van hierdie skrywers te doen, is die navorsing gewoonlik oppervlakkig en kom die volle waarheid dus nie na vore nie. In heelwat van hierdie gevalle is die inhoud van so 'n aard dat die gebeure van voor deur 'n historikus nagevors en opgeteken moet word. Die probleem is egter dat min uitgewers belangstel om 'n tweede geredigeerde weergawe van dieselfde gebeure die lig te laat sien.

Samewerking tussen die verskillende groepe en deeglike redigering van die publikasies deur opgeleide historici kan die proses in 'n mate verbeter.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 22, Nr 4, 1992. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## ENKELE AANBEVELINGS

Vir enige belangstellende behoort dit duidelik te wees dat bogenoemde 'n komplekse probleem is waar simplistiese antwoorde geen oplossings gaan bied nie. Die feit is egter dat die probleme bestaan en dat dit nou tydig en indringend aangespreek moet word. Enkele aanbevelings word in hierdie verband gedoen:

### 1. Akademici en militariste moet hande vat

Akademici wil net die waarheid skryf en wil nie lugkastele om gebeure bou nie. Hulle wil niemand se werk wegneem of posisies in gevaar stel nie. Negatiewe militariste sal 'n akademikus nie afskrik om die verhaal van die verlede wetenskaplik weer te gee nie. Dit het nou tyd geword dat daar saamgewerk word ten einde die waarhede aan die lig te bring. Ons mense in die "States" het die reg om te weet wat gebeur het, maar meer nog, dit word die gesamentlike plig van akademici en die SAW om hulle op wetenskaplike wyse op die hoogte van sake te bring.

### 2. Die beleid oor die beskikbaarheid van militêre dokumente moet indringend hersien word.

Die "bosoorlog" is verby en Suid-Afrika het nou 'n nuwe politieke weg ingeslaan. Dit het tyd geword dat die prosesse van keuring, sowel as beskikbaarstelling van militêre dokumente indringend hersien word. Die persepsie bestaan by sommige akademici dat die SAW deur middel van sy strenge beleidsmaatreëls juis poog om militêre navorsing te inhibeer. Deur middel van gesamentlike pogings kan prosesse vaartbelyn gemaak word en kan onnodige (en in sommige gevalle verkeerde) aannames reggestel word.

### 3. Isolasie op hierdie gebied moet verbreek word

Terwyl die "bosoorlog" aan die gang was, het die SAW dit goedgedink om van sy militêre personeel vir broodnodige opleiding na die buiteland te stuur. Voorbeelde van militêre kursusse in die buiteland is vry algemeen bekend. Die vraag kan met reg gevra word of dit nie tyd geword het dat belangstellende akademici gekeur word om saam met militêre historici die groot militêre geskiedskole in o.a Brittanje en die VSA te besoek nie?

## TEN BESLUITE

Vir 23 jaar is daar militêre geskiedenis gemaak en het die historici op die kantlyn gesit. Dit het nou tyd geword dat die historici op wetenskaplike en verantwoordelike wyse tot die "geveg" toetree. Alleen daardeur kan verseker word dat die militêre waarhede van die verlede vir die toekoms behoue sal bly.

* *Uittreksel van referaat gelewer by 'n Simposium oor Suid-Afrikaanse militêre geskiedskrywing in Bloemfontein op 9-10 Oktober 1992.*

** *Professor S.L. Barnard is professor in Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat in Bloemfontein.*